

Maandag 27 November

Skrifgedeelte: Lukas 15 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Lukas 15:10

Vreugde oor elke bekering?

Die aanleiding vir hierdie een gelykenis (vs 3) met sy drie dele, was “kerkmense” se verset teen bekering van sondaars (vs 1 en 2). Jesus vertel die gelykenis uit liefde om die verharde “kerkmense” hulle eie verlorenheid te laat besef. Daarom drie hoofkarakters:

- ’n herder,
- ’n vrou,
- en ’n vader.

Al drie soek hulle eiendom wat verlore geraak het met inspanning en noukeurigheid en liefde, totdat hulle die verlore vind en dan is daar groot blydschap en feesvreugde in die hemel by God en sy engele (vs 10). Die drie subkarakters in die gelykenisse is ’n prentjie van ons mense se verlorenheid:

- ’n skaap verdwaal en uitgelewer in die wildernis (ons aard om af te dwaal – Jes. 53:6);
- ’n muntstuk, gelyk aan ’n dag se loon, verloor in die huis (in die kerk, maar onbewus van jou val);
- ’n seun wat wegloop en ’n selfs meer verlore seun wat tuisgebly het (opstandigheid).

Al drie verlore, maar nie vergeet nie, want die Here soek verlore-nes op. Elkeen is vir Hom kosbaar. Dit laat ons elkeen dan ten slotte met drie vrae:

1. Sien jy jouself aan die kant van die verlore-nes, of aan die kant van die “kerkmense”?
2. Het jy genoeg kontak met die wêreld om mense tot bekering te sien kom?
3. Is daar vreugde oor elke bekering, ook jou eie, of woede en weerstand oor evangelisasie?

Sing: Ps. 87:1, 2, 5 (1936)

Ds. BC (Ben) Smit (Pta-Meintjeskop)